

PREEKSKETS: JOHANNES 2:1–12

Johannes wil nie dat ons Jesus net as 'n Wonderwerker moet ken nie. Hy wil eerder dat ons moet verstaan wat Hy doen, sodat ons kan glo: Jesus is “*die Christus, die Seun van God.*”

Daarom vat Johannes ons na DIE BRUILOF IN KANA, 'n klein dorpie noord van Nasaret. Jesus se eerste wonderteken is nie in Jerusalem by die tempel, of by die koninklike paleis nie. Sien Jesus se heerlijkheid raak! Hy doen sy werk en Hy doen groot dinge tussen onbelangrikes, diegene van wie niemand iets goeds verwag nie.

Ons lees dat **JESUS SE MOEDER** ook daar was. Jesus is nie kortaf of lelik met sy ma nie, maar Hy maak die verhouding tussen Hom en Maria baie duidelik. Hy is ook haar Here en sy het nie ouerlike gesag oor Hom nie. Jesus doen net wat Hy by sy hemelse Vader sien. Ook tree Hy net op volgens die tydtafel van sy hemelse Vader. Sien die heerlijkheid van Jesus raak: Hy doen niks uit sy eie uit nie, ook nie wat ander... selfs sy eie ma vir hom sê nie, MAAR dat Hy net verkondig en doen wat sy hemelse Vader vir Hom sê. (vgl. Joh. 8: 28)

Hy is die gestuurde Verlosser wat juis gestuur is om God se kinders in hulle diepste nood te kom help. Daarom lees ons ook: “**MAAK DIE KANNE VOL WATER**” Dié klipkanne was eintlik net vir godsdientige redes gebruik.

'n Mens kan jou self indink hoe die benoude gesig van die bruidegom moes verander het in 'n vreugde omdat hy in sy grootste nood van sy ergste skande gered is. Dis dan wat Johannes dit baie duidelik vir ons stel: “¹¹*Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlijkheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom.*”

Wat is dit wat sy dissipels gesien het. Wat is dit wat die Gees wil hê jy en ek ook mooi moet raaksien? Jesus help 'n onbelangrike bruidegom en bruid in hul grootste nood. Hy spaar hulle die skande van 'n leeftyd, hy spaar hulle die gespot van skindertonge, deur water in die beste wyn te verander.

Kyk jy fyn en sien jy waarna hierdie gebeure heen wys? Sien jy hoe Jesus jou ...

- ... in jou grootste nood help deur in jou plek aan die kruis vasgepyker te word;
- ... sonde skandes verwyder deur in jou plek sonde te word en aan die kruis daarvoor te boet;
- ... doodskleed verwyder en as opgestaande Here aan jou 'n feeskleed gee. Deur sy Gees in jou hart uit te stort, wek hy jou op tot 'n nuwe lewe. 'n Lewe wat Hom verheerlik!

En as Jesus ons in ons diepste nood by die kruis bygestaan en gehelp het toe ons nog vyande van Hom was, hoeveel te meer nie ook vandag nie? Hy is vandag deur sy Gees by ons om ons in ons diepste nood by te staan.

Dit beteken nie dat Hy altyd my omstandighede gaan verander nie, maar eerder dat Hy my gaan verander, my gaan nuut maak, my 'n sterker geloof gaan gee en my nader aan Hom gaan bring.

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKSGROEPE

1. Lees Ps. 30 aandagtig deur en gesels/oordink wat ons van God in dié Psalm leer ken:
2. Lees Ps. 116: 1-6 en gesels/oordink wat ons van God leer ken.
3. God wil hê dat ons Hom moet ken as die Helper in nood. Wat beteken dit vir ons as Jesus in Joh. 2 met sy eerste wonderteken vir ons wys dat Hy die Helper in ons nood is.
4. Kan jy met iemand/groep deel van 'n voorval / gebeurtenis toe God jou in jou nood gehelp het en waar Hy jou omstandighede heeltemaal verander het?
5. Wat moet in my hart en gedagtes, ook in my optrede verander nou dat ek opnuut versterk is in die sekerheid dat Jesus my in my grootste nood wil help?